

SONDAG 20 April 2003
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
OGGENDDIENS: Opstanding

LITURGIE

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
Liturg	Welkom & groet		
		<u>Record aan</u>	<u>Klank: Record</u>
Oom Kobus	Nuusberig	<p>(Vanaf klankbord)Dit is sesuur en hier volg 'n opsomming van die naweek se nuusgebeure in Jeruslem.</p> <p>'n Ongewone lang sonsverduistering het Vrydag middag die stad van 12-uur tot 3-uur in duisternis gehul. Terwyl die strate leeggeloop het, en alle aktiwiteite op die markplein noodgedwonge gestaak moes word, het mense verdwaas in hulle huise lampe opgesteek. Selfs die voëls het kop-in-die-vlerk in die bome gesit en slaap. Plaaslike sterrekundiges is dronkgeslaan maar ekstasies oor die ongewone sonsverduistering. "Dit is vir min mense beskore om 'n algehele sonsverduistering te beleef. Dat dit boonop so lank donker was, is eenvoudig ongelooflik. Dit is 'n ondervinding van 'n leeftyd" het 'n opgewonde sterrekundige Simon ben Josua gesê. Asof die sonsverduistering nie genoeg was nie, het 'n hewige aardbewing die stad Vrydag geteister. Hoewel geen ernstige skade aangerig is nie, rapporteer die opsigter van die begraafplaas dat 'n aantal grafte oopgegaan het in die skudding. Hy wou nie berigte dat daar van die lyke verdwyn het bevestig nie. Die polisie ondersoek steeds die saak.</p> <p>Jerusalem - Die voorhangsel in die tempel, wat die heilige deel van die Allerheiligste skei, is Vrydagmiddag erg beskadig toe dit in twee geskeur is. Die skokkende voorval het omstreeks 3-uur Vrydagmiddag plaasgevind. 'N Sekuriteitswag by die tempel het die skade ontdek toe hy ondersoek gaan instel het na 'n skeurgeluid in die heilige deel van die tempel. Volgend hom het hy gesien hoe die laaste stuk van die gordyn skeur. Wat hom veral verbaas het, was dat die gordyn nie van onder af geskeur het nie, maar van bo af. Hy beweer ook dat daar geen mens in die heilige deel van die tempel was toe die voorval gebeur het nie. "Dit kan net die werk van God wees," het hy gesê.</p> <p>Hoëpriester Kajafas het egter die sekuriteitswag se weergawe as onsin afgemaak. "Die wag was te bang om die Allerheiligste te deursoek. Hoe kan hy sê daar was niemand?" het hy gevra. Volgens hom moet dit die werk van Samaritaanse ekstremiste wees wat die feesgety wil ontsier. "Ons sal ons egter nie deur hierdie soort optrede laat intimideer nie," het hy gesê. "Die fees gaan voort soos beplan."</p>	CD

Oom Kobus	Nuus (vervolg)	<p>Jerusalem - Goewerneur Pilatus het Vrydagmiddag op versoek van die Joodse Raad opdrag gegee dat die drie gekruisigdes op Golgota se bene gebreek moet word. Die Jode wou nie hê dat hulle op die Sabbat nog aan die kruis moes hang nie. Een van die gekruisigdes, Jesus van Nasaret, was egter reeds dood toe die soldate by Hom kom.</p> <p>‘n Man is Vrydagaand net buite die stad opgehang gevind. Hy was Judas Iskariot, ‘n vertroueling van rabbi Jesus van Nasaret, wat Vrydag gekruisig is. Judas het ‘n groot rol gespeel in die owerhede se plan om Jesus gevange te neem. Die polisie vermoed geen misdaad nie.</p> <p>Duisende feesgangers is steeds in Jerusalem vir die vier van die paasfees. Na beraming is meer as 200 000 lammers gedurende die laaste paar dae by die tempel geslag. Anders as in die verlede, heers daar ‘n somber stemming in die stad.</p> <p>Hardnekkige gerugte doen hier die ronde onder volgelingen van Jesus van Nasaret dat Hy nie dood is nie. Hy is Vrydag op Golgota gekruisig. Jesus het blykbaar vanoggend, drie dae nadat Hy dood en begrawe is, aan verskeie van sy volgelingen verskyn. Volgens Simon, seun van Johannes, die leier van die dissipels, het hy en nog ‘n dissipel, Johannes seun van Sebedeus, vanoggend vroeg gaan ondersoek instel toe hulle gehoor het dat Jesus se liggaam nie meer in die graf is nie. Toe hulle by die graf kom, het hulle net die doeke daar gekry. Van Jesus se liggaam was daar geen teken nie. “Ons is huistoe, maar kort daarna het ‘n vriendin, Maria Magdalena, vir ons kom vertel dat haar meester aan haar verskyn het. Hy het selfs met haar gepraat.</p> <p>“Ons was eers kepties, maar later HET ONS Hom almal gesien. Hy het in lewende lywe voor ons gestaan, en om ons te oortuig dat Hy nie ‘n spook is nie, het Hy selfs ‘n stukkie vis saam met ons geëet. Ek het met my eie hande aan Hom gevat, en go my: Hy lewe! Dis beslis nie ‘n spook wat ons gesien het nie”, het ‘n opgewonde Petrus vertel.</p>	
-----------	----------------	---	--

Coenie	Drama (Petrus)	<p>Alles het so vinnig gebeur. Ek is so spyt dat ek Hom verloën het. Ek het altyd gesê ek sal dit nooit doen nie. Ek het vir Hom gesê ek sal dit nooit doen nie. En Hy het gesê ek sal. En toe die soldate daar aankom wou ek hulle keer. Ek het my swaard gegryp en na hulle geslaan. Ek wou vir Jesus beskerm. Ek het Malgus se oor afgekap. Ek sou sy ander oor ook afgekap het! Maar Jesus het my gekeer. Hy't gesê "Bêre jou swaard!" En toe het hulle Hom weggeneem. Hy het Hom laat wegneem. Ek was kwaad vir Hom. Ek was kwaad dat Hy ons net so gelos het. Ek was kwaad dat Hy nie probeer terugveg nie. Ek was kwaad vir die ander dissipels omdat hulle nie probeer het om iets te doen nie. En ek was kwaad vir Judas - dis hy wat Hom verrai het. Ek het in die binneplein gaan sit - alleen. Drie keer het hulle vir my gevra of ek nie een van Sy vriende is nie. Ek het "nee" gesê want ek was so kwaad. En ek was bang.... En op daardie oomblik het die haan weer gekraai. Ek het uithardloop en iewers neergeval. Ek was so jammer oor alles wat gebeur het. Ek het so gewens ek kon dit vir Hom sê. Gewens ek kon Hom een keer weer sien...om jammer te sê. Hierdie naweek sonder Hom was verskriklik! 'N Lewe sonder Hom moet verskriklik wees! Maar vanoggend het ek Hom gesien. Ek weet dit was Hy! Ek weet nou: Hy het opgestaan! Hy leef! Ek leef! Ons leef! Ek het die gate in Sy hande gesien. Dis Hy! Hy leef!!!</p>	
Hannes & Tannie Nunez	Sang	<p>LB409:1-3 "Hoor jy die paasfeesklokke" LB410:1-2 "Ja, Jesus het verrys" LB421:1-3 "Die Here Jesus lewe" LB417:1-2 "Jesus ons eer U" LB422:1-3 "Die Heer, die Heer het opgestaan"</p>	
Ouderling	Gebed		
Liturg	Skriflesing	Mark 16:1-14	Skrif
Liturg	Preek		Skrif
Almal	Toewyding		
Liturg	Gebed		
		<u>Record af</u>	<u>Klank: Stop Record</u>
Diakens	Offergawe	Afkondings op bord	afkondig

MG	Sang	<p> “Alive. Alive” / “Hy leef, Hy leef” (Staande) “Kom sing ‘n nuwe lied” (1-2) (staande) “As ek soek” (1-5) “Ek weet verseker” (v1 (nuut) en v2 (oud) “Die gemeente bring aan U die lof” (2x) “Hosanna / Hosanna” “Hy is Heer” (1-3) “Loof Koning Jesus / All hail KIng Jesus” “Lofferlied” (1-2) </p> <p style="text-align: center;">[Thomas]</p> <p> “Ek wil U sien Heer” </p> <p style="text-align: center;">[Eendag gaan ons Hom sien]</p> <p> “Hy gaan kom op die wolke” (1-2) “Oorwinningslied” </p>	
Liturg	Seën (responsories)	<p> “Die Heer het opgestaan” “Die Heer het waarlik opgestaan” </p>	

PREEKSKETS

HET JESUS REGTIG OPGESTAAN?

Vandag hoor ons baie antwoorde hierop:

- Baie mense spreek hulle openlik uit teen die opstanding.
- Hierdie teoloë wat hulleself die “nuwe Hervorming” noem (Dit moet eintlik wees: “ou dwaling”) aanvaar nie die opstanding nie.
- Dis onmoontlik.
- Dit kan nie gebeur nie.
- Dis wetenskaplik nie moontlik nie!

Is ‘n wonderwerk nie juis dat God iets doen wat wetenskaplik nie moontlik is nie?

- Soos om ‘n hele kosmos te skep.
- Soos om ‘n pad deur die Rooisee te maak.
- Soos om iemand in ‘n leeu kuil te bewaar.
- Soos om vyf brode en twee visse vir duisende mense te gee en dan bly daar 12 mandjies oor.
- Soos om aan ‘n kruis te sterf vir gewonde sondige mense.

As Hy nie kon opstaan uit die dood nie...

- Dan kon Hy ook mos nie aan die kruis gesterf het nie...
- Dan is ons geloof mos waardeloos.
- Want wie kan glo in ‘n God wat dood is.
- Watter krag is daar in ‘n godsdiens waarvan die God dood is?

Vir die Bybelskrywers was dit niks vreemd nie:

- Lukas skryf: “Na Sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van 40 dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die Koninkryk gepraat.” (Hand 1:3)
- Matteus vertel dat Hy die Sondag more vroeg aan die vroue verskyn het (28:9).
- Markus vertel ook van Jesus se verskyning aan Maria, die Emmausgangers en aan die elf. (16:9-14)
- Johannes vertel van Jesus se verskyning aan die vroue, aan die dissipels en veral aan Thomas (Joh 21)
- Selfs Paulus skryf dat Jesus eers aan die vroue, toe aan die elf en heel laaste aan homself verskyn het (**)

En daarom is dit vandag ‘n vraag wat elkeen van ons moet antwoord?

- Glo jy dat Hy regtig opgestaan het?
- Glo jy dit met jou hele hart?
- Glo die kerk dit?
- Glo die christene dit regtig?

Waarom is kerke dan so leeg op Paasnaweek?

- Glo ons dit nie regtig nie?
- Of verstaan ons nie die impak nie?
- Of wil ons dit eerder vermy?

NA 3 DAE OF NA TWEE DAE

Jesus is Donderdag-aand gevange geneem.

- Ek was hierdie week 'n klompie kere in die hooggeregshof by iemand wat aangekla is vir moord.
- Een van die vrae wat oor en oor gevra is: Hoe kon die polisie in so 'n kort tydjie iemand arresteer, al die regte voorlees, en 'n uitwysing gaan doen?
- Jesus is Donderdagaand vir die eerste keer in hegtenis geneem.
- Hy is Vrydag reeds tereggestel.

Jesus is Vrydag gekruisig.

Teen Vrydagaand begrawe.

Hy het Sondag-oggend vroeg weer opgestaan.

- In werklikheid: ongeveer 36 ure in die graf.
- In ons taal: 1 en ½ dag
- Waarom praat die Bybel van 3 dae in die graf.

Ons werk met sessies van 24 ure.

- Van nou af tot more-oggend hierdie tyd is 24 uur en dus 1 dag.

Die Jode werk met die fisiese dae self:

- Van nou af tot more is twee dae.
- Jesus was op Vrydag, Saterdag en Sondag in die graf.
- Hy het opgestaan op die derde dag
 - Eerste dag = Vrydag
 - Tweede dag = Saterdag
 - Derde dag = Sondag

IS SY GRAF OOIT GEVIND?

Verskeie grafte is deur die eeue gevind.

Een daarvan is die **Kerk van die Heilige Graf**. (Max Lucado, EdEhSG p193)

- 326nC het keiserin Helena (Konstantyn die Grote se ma) na Jerusalem gekom om die heuwel te soek waarop Jesus gekruisig is.
- Makarios, die biskop van Jerusalem het haar na 'n ruwe kliprif buite die stadsmuur geneem.
- Daar was 'n ses-meter-hoë graniethoop.
- Op hierdie hoop was 'n tempel vir die heidense god Jupiter gebou.
- Helena het die tempel gesloop en 'n kerkie in die plek daarvan gebou.
- Deur die eeue het dit 'n belangrike besienswaardigheid vir besoekers geword.
 - Glaskas oor die rotpunt van die koppie
 - Goue lanterns
 - Madonna-beelde.
 - Kerse en dowwe ligte.

Onder dieselfde dak:

Christus se tradisionele begraafplek is ook hier.

- Tans is dit 'n katedraal.
- Hoë koepels
- Swierige skilderye
- 'n Opgeslukte graf.
- 43 lampe hang bo die portaal.
- Kandelaber van soliede marmer met goue blare.
- Binne: marmervierkante en goue lanterns.
- Meeste besoekers aanvaar dat hierdie Jesus se graf was.

Agter die oordadige koepeldak is daar egter 'n klein ingang na 'n eenvoudige vetrek.

- Binne is dit donker.
- Bedompig.
- Verwaarloos en stowwerig.
- Onaansienlik.
- 'n Plekkie waar min toeriste ooit kom.

Aan die een kant van hierdie vertrek is daar 'n graf uit klip gekap. (Ses sulke grafte is al ontdek)

- Ongeveer 1,2m hoog en breed.
- Vuil.
- Onversorg.
- Vergete.
- 'n Dowwe lamp in die hoek.
- En binnekant: doodstil.

Sou dit nie ironies wees as dit die graf is nie.

Max Lucado skryf, terwyl hy in hierdie graf sit: (p195)

“Ons het dit nie gewaag om te praat nie. Ons kon nie..... Al wat ek op daardie oomblik kon sien, meer as op enige ander oomblik, was hoe ver Hy gekom het. Meer as die God in die brandende bos. Lank nie meer die kind toegedraai in 'n krip nie. Verby die opgeskote Heiland in Nasaret, Wat selfs die Koning der konings aan 'n boom vasgespyker en op 'n heuwel staangemaak oortref het, was dit: God in grafkelder. Niks is swarter as 'n graf nie; so leweloos soos 'n put nie, so permanent soos 'n grafkelder nie.

Maar Hy het die grafkelder binnegekom. Volgende keer as jy jou in 'n donker wêreld vol vrees bevind, onthou dit. Volgende keer as 'n klip jou uitgang na vrede verseël, dink aan die leë, bedompige grafkelder buite Jerusalem.

Dis nie maklik om dit te kry nie. Om dit te sien, sal jy dalk deur die gedruk van mense moet beur wat op jou aandag aandrings. Jy sal dalk verby die goeie altare en oordadige beelde moet glij. Om dit te sien, sal jy dalk selfs die kamer naby die priester moet verbyloop en by 'n syvertrek inglip en self gaan soek. Soms is die moeilikste plek om 'n graf te vind, in 'n katedraal.

Maar dis daar. En wanneer jy dit sien, buk, gaan stilletjies binne en kyk mooi. Want daar, teen die muur, kan jy dalk die brandmerke van 'n goddelike ontploffing sien.”

HOE KON DIT GEBEUR HET?

Hoe kan iemand wat dood is weer lewe?

Hoe kan lewe terugkom in 'n dooie liggaam?

Bruce Marciano (wat die rol van Jesus in die Mattheus video vertolk) skryf: (Jesus, p98)

“Hoe keer lewe terug na 'n lyk wat vir 3 dae dood was? Wat gebeur eerste? Keer die gees terug, vul die hart met bloed, heg die senuwees weer, word die verrotte weefsel sel vir sel, molekule vir molekule gerekonstueer? Hoe meer 'n mens dit probeer uitwerk, hoe meer verbluffend wonderlik word dit alles.

In my verbeelding sien ek stilheid, inswelgende swartheid....'n swartheid so swart en 'n stilte so stil ... die stilte van die dood.

Die lewelse liggaam lê reguit en plat en stil, so ongelooflik stil. Dan skielik, met 'n geluid soos 'n implosie van 'n megaton van atmosfeer wat in 'n geseëde vakuum inbars, dein die bors hemelwaarts in een massiewe stuwingsas die lewensasem terugvloei en opnuut deur die longe ontplof met die totale opstandingskrag van hemel en aarde!

Soos vloedwater wat uitwaarts rimpel van die bors na die ledemate, spring weefsel uit die dood, spiere spring op aandag, are skiet en rimpel en bult teen die vel.

Die linkerkhand span en gryp, die regterhand doen dieselfde, en in een blindelings vlugge en grootse, oorweldigende beweging lig die liggaam homself op en kom op sy voete, die arms hemelwaarts uitgesteek soos twee magtige suiers in 'n uitgelate uitbarsting van heerlijkheid wat heerlijkheid oortref, oorwinning wat

oorwinning herdefiniëer, vreugde soos daar nog nooit was nie!

Hy basuin 'n onbeteuelde, ewigheidsveranderende uitroep van vreugde en lof aan die Vader terwyl Hy Sy kop teruggooi soos 'n hings en die hare dik en swart wip. En die ontelbare legioene hemelse skepsels en die hemelse Skepper huppel en draai en lag saam met Hom: "Hy leef! Hy leef" Hy is Jesus, en Hy leef!"

WATTER BETEKENIS HET SY OPSTANDING?

Tydens Jesus se bediening het Hy baie beloftes aan ons gemaak:

- Dat Hy ons sonde vergewe.
- Dat Hy vir ons die ewige lewe gee.
- Dat Hy vir altyd by ons sal wees.
- Dat Hy vir ons gaan plek voorberei.
- Dat ons eendag sal wees waar Hy is.

Dit was soos 'n tjek wat elkeen van ons ontvang het.

- 'n Tjek wat al God se seën in ons lewens kom deponeer.
- 'n Tjek wat Sy liefde aan elkeen van ons kom bemaak.

Daar was een probleem:

- Die tjek was nog nie geteken nie.
- Die tjek het geen waarde gehad nie.

Die opstanding was die handtekening op hierdie tjek.

- As Hy nie opgestaan het nie, was die tjek waardeloos.
- Was die beloftes niks meer as mooi beloftes nie.
- Dan het die deponering nooit plaasgevind nie.
- Dan was ons geliefdes wat reeds gesterf het vir altyd net in 'n donker doderyk.
- Dan was sondevergifnis net 'n mooi ideaal.
- Dan was God se oordeel die einde van elkeen van ons se pad.

Maar vroeg daardie Sondag-oggend is die tjek geteken.

- Geteken deur die Vader en die Seun.
- In die teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Vroeg daardie Sondagoggend het elkeen van ons 'n erfgenaam geword van die God van hemel en aarde.

- Is ons grafte reeds oopgemaak.
- Is ons begrafnisbriefies verander van "rus in vrede" na "lewe by God"

Ja, Jesus leef.

Ons leef!

My pa leef!

My kinders sal leef!

En elkeen wat in Hom glo, sal leef!

Ons het rede om fees te vier.

- Ons het rede om die grootste partytjie in die wêreld te hou.
- Die meeste balonne!
- Die mooiste musiek.
- Die beste lofliedere.
- Elke moontlike instrument.

Want ons het die lewe ontvang.

En ons gaan vir altyd leef.

- Saam met Hom.
- Saam ons geliefdes.